


## ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD



Die nuwe seisoen met sy lekker sonnige dae en koue nagte is alweer op hande en ons sal een van die dae ons speellyne op die rolbalbane dramaties moet aanpas in ‘n poging om naby die witbal te eindig. Gelukkig is ons perke in ‘n baie goeie toestand en behoort spel sonder te veel moeite deur die wintermaande moontlik te wees.

Ons Fondsinsameling wat op 15 Maart gehou is, was ‘n groot sukses en het ‘n positiewe impak van R31,000 op ons inkomstebegroting gehad. Ek het reeds vantevore genoem dat ons baie sterk daarvan bewus is dat die grootste gedeelte van hierdie welkome inkomste uit ons eie klublede se hande, harte en sakke afkomstig is – baie dankie weereens aan elkeen wat so hard gewerk het en op een of ander manier ‘n bydrae tot die sukses hiervan gemaak het!

Ons klub het gedurende die afgelope paar weke twaalf nuwe aansoeke vir lidmaatskap by die klub ontvang – uitstekende nuus! Dit is ‘n voorreg om elkeen van hierdie lede wat reeds hul toetreewedstryde gespeel het of tans nog besig is met hulle afrigting, by die Centurion Rolbalfamilie welkom te heet. Ons ledetal het gedurende die afgelope jaar aansienlik gegroei en behoort die 150 merk binnekort verby te steek.

Na ‘n lang stilte in hierdie verband het die Tshwane Metro nou onlangs ‘n nuwe posisiestuk getiteld die “Medium Term and Expenditure Framework and Infrastructure Development Plan”,

wat 'n redelike dramatiese impak op alle munisipale sportklubs/sportliggame binne hulle grense het, gepubliseer. Ons het reeds ons standpunt in verband hiermee skriftelik na die Metro deurgegee en beplan ook om saam met verskeie ander sportliggame later vandeesmaand aan die konsultasieproses rondom hierdie posisiestuk deel te neem met die oog daarop om hulle van hierdie planne te laat afsien. In terme van bovermelde dokument beoog die Metro om hulle vorentoe van alle instandhoudingswerk by die klub (asook by alle ander munisipale sportvelde ens.) te onttrek, wat beteken dat die klub sonder enige vergoeding of bystand, self die klubeiendom sal moet onderhou. Verder beoog hulle om die huurkostes vir die klub met 10% per jaar vir ten minste die volgende vyf jaar, te verhoog.

Wat die algemene bestuur van die klub betref, is ons steeds op koers om ons teikens vir hierdie finansiële jaar te bereik, maar sal beslis 'n hele aantal uitdagings moet oorkom indien bovermelde voorstelle deur die Metro in hulle huidige vorm, geïmplementeer word.

Geniet die laaste stukkie van ons herfs op die bane en moet asseblief nie vergeet om julle vriende, bure ens, wat nog nie die vreugde van rolbal beleef het nie, saam na die klub toe te bring nie. Ons staan gereed om hulle as nuwe lede by die klub te verwelkom!

## TOTSIENS, HERMIEN VELLEMAN



Die bestuur en alle lede van die klub weet reeds geruime tyd van Hermien se Kaapse Plan, en nou het dit werkllikheid geword: Hermien verhuis na Mosselbaai, en sal haar rolballewe daar voortsit, waarskynlik by Mosselbaai Rolbalklub - hulle wins, ons groot verlies.

Hermien het begin rolbal speel in die nou afgestorwe Zwartkop Rolbalklub, en soos baie ander toe oorbeweeg na ons klub. Hier het sy haar merk gemaak as altyd vriendelike, maar gedugte speler. Nadat sy haar fisioterapiepraktyk vaarwel toegeroep het, het sy vir verskeie jare deeglike werk gedoen as sekretaresse van die bestuur.

Baie dankie vir al jou harde werk, Hermien, ons sal jou baie mis, maar ons wens jou die allerbeste toe vir jou lewe in die Eerste Wêreld. En mag ons groet waarlik "tot weersiens" wees, wanneer dit ook al moontlik mag wees!

## HOOGTEPUNTE

Ligaspelers is op Saterdag 8 Maart getrakteer met ′n mooi afsluitingsfunksie, waartydens sertifikate aan alle spelers oorhandig is. Zinda Müller het die opening op baie mooi wyse gedoen, waarna bedankings gedoen, en foto's geneem is. Die vooruitsigte en voornemens voorspel veel goeds vir die nuwe seisoen! Die ligte verversings is allerweë geniet, met groot dank aan Rina Meyer en Karien Roos wat hier aan die stuur was.

′n Hoogtepunt by die geleentheid was die aankondiging van die klublede wat tot deelname aan die BGN "Blue Squad" verkies is, naamlik Brian Kleingeld, Jaco Immelman, Johan Ehlers, Tian Pietersen, Pieter Pretorius, Hadrie Roux en Ettienne Naude. Baie geluk!

      

Die eerste geskeduleerde fondsinsameling het op 15 Maart plaasgevind, met geesdriftige deelname deur 24 spanne, waaronder spanne van Midstream, Meyerspark, Irene en Groenkloof. Spel het bestaan uit 2 x 15 koppe, en die louere is weggedra deur Thea se span (met medespelers Matie, Ettienne en Elize Stoop). Die tweede plek is behaal deur 'n span van Meyerspark, met Jaco se span (Hadri, Maria en Piet Swemmer) en Tian se span (Johan Meaker, Hendrina en Ria) in onderskeidelik die derde en vierde plekke. Baie geluk!






Die geskenkmandjies het elk trotse eienaars gekry, met Koos Slabber op die piek van blydskap oor sy nuwe stel gereedskap waarmee hy kennelik berge wil versit! Die borge se uitstallings het bygedra tot die feestelike atmosfeer, en danksy Rina se spyseniering kon hierdie mooi dag op 'n hoogtepunt afgesluit word. Geldelik het die funksie ruimskoots aan verwagtinge  voldoen, met 'n verklaarde wins van meer as R30,000.






Die gebruiklike Worslopie op 25 Maart was weereens 'n groot sukses, onder Tertius van de Venter se leiding. Sestig spelers het die bane volgespeel, en die uiteindelike pryswenners was Karien Roos met 'n telling van 30 punte, en Louis Botha en Pieter Grobler gesamentlik in die tweede plek met 28 punte. Emily Lubbe het die prys vir aantal raakballe behaal, nie minder as nege nie!

Vanaf 6 – 11 April was 43 klublede uitstedig, en wel te Weesgerus/Lekkerbreek. Verderaan word oor hierdie hoogtepunt berig.




Klublede wat op Saterdagoggend 26 April kom speel het, het na spel 'n baie aangename bederf ervaar danksy Hans en Marsha Greyling - Hans se 85e verjaarsdag is sommer behoorlik gevier. Baie geluk, Hans, en baie dankie, julle twee!

En ja, ook aan digterlike talent ontbreek dit nie in die klub nie. Waardeer en geniet Suzette Strydom se pragtige gedig oor herfs, waarmee hierdie Toucher afsluit.

## WEESGERUS/LEKKERBREEK 2025



Op Sondag 6 April, met Jan van Riebeeck in herinnering, vertrek 43 rolballustiges na Weesgerus in Nylstroom, vir die tweede rolbalsaamtrek van hierdie aard sedert die einde van Lekkerbreek in 2023. ʼn Groot deel van die reisgeselskap ontmoet mekaar by die Kranskop Een-Stop Wimpy vir ʼn ligte middagete, en die opgewondenheid is alreeds merkbaar. Die inklok by Weesgerus verloop deurgaans seepglad, en vir baie is die weersiens van die bekende chalets baie aangenaam.

Teen 18:00 vergader almal by ʼn sentrale opeluglapa vir ʼn braai, waarvoor Ernst met kenmerkende ingenieursvernuf ʼn indrukwekkende brandstapel oprig, met gevolglike skouspelagtige vlamme. Dit wil-wil reën, maar die aand kan nogtans baie gesellig verloop. Teen 21:00 is almal veilig onderdak, ook dié wat soek-soek hul pad in die donker na hul chalets moes vind - hier vergeet ʼn mens nie jou flits tuis nie!

Maandagoggend breek aan, en nadat elkeen vir eie ontbyt gesorg het, kom almal by Kokanje se baan bymekaar vir die eerste rondte van spel. Die weersiens is hartlik en die spel baie aangenaam. Danksy Zinda se puik reëlings arriveer die kospakkies met ligte middagete betyds, en dit word smaaklik verorber.

Vir die middag verskuif die rolbal na Nylstroom se baan (waarvan die perke en terrein almal beïndruk). Voordat die eerste skote klap vir die kompetisie tussen die Rooi, Geel, Groen en Blou spanne, kry die spanne eers kans om hul gewade en krete ten toon te stel. Sommige verskynsels tart enige poging tot beskrywing, soos byvoorbeeld Ernst in opsigtelike staat van gevorderde swangerskap...... Ewenwel, die monderings en vertonings van elk van die spanne is waarlik indrukwekkend, en getuig van intense voorbereiding. Gelukkig is mildelik foto's geneem hiervan, as bewys aan komende geslagte dat rolbal met intense pret gepaard kan gaan! Die hieropvolgende spel is baie aangenaam, waarna die telkaarte aan die Statistikus-Generaal Conrad oorhandig word.

Die aandprogram het afgeskop met smaaklike aandete, waarna Ernst sy gehoor deeglik getoets het met sy vasvraprogram. Elkeen kon tevrede gaan slaap na ʼn wonderlike Dag Een.

Dag Twee behels twee sessies rolbal te Kokanje. Die samestelling van die oggendspanne is reeds vooraf (en voor sy hospitaalbesoek) deur Herman gedoen, en hiervoor was almal baie dankbaar. Terloops, ons het Herman en Elize erg gemis, en was baie dankbaar oor goeie beige wat ons dan en wan uit die hospitaal gekry het oor Herman se herstel.











En toe, na aandete, volg iets volkome nuut, danksy die inisiatief en vindingrykheid van Emma en Andrew. Met die tema “Lieg soos ŉ vlieg” is ŉ klompie rolbalgenote uitgekies om elk hul eie storie op te dis, waarvan een uit elke vyf stories die waarheid was. Die gehoor moes telkens probeer vasstel watter storie waar was, en ook wie die beste liegstorie vertel het.

Om orde te handhaaf, was daar ŉ jurie, verteenwoordigend van elkeen van die spanne en die taak is uitgevoer deur Rina (Rooi), Gerrit (Groen), Karien (Blou) en Dorina (Geel). Jurg het as Regter-President elke nou en dan geesdriftig met sy hamer gemoker. Die uiteinde van die program was ŉ openbaring. Niemand kon dink dat die klub oor soveel uitmuntende spekskieters beskik nie, o.a. Tillie, Andre J, Johan M en Elize S.  Maar die twyfelagtige louere is toe weggedra deur David. Dankie, Emma en Andrew, vir topvermaaklikheid!



Dag Drie (Woensdag) het aangebreek met reënweer wat nie bes wou gee nie. Die beplande wedstryd teen Nylstroom/Kokanje kon gelukkig verskuif word na Donderdag, met die gevolg dat die verdere dag gekenmerk was deur kaartspel, besoeke aan die warm swembad, en sommer net lekker gesels.

Die prysuitdeling van Donderdag moes vervroeg word na Woensdagaand. Weens beperkte spel was daar geen wenner van die spankompetisie nie, maar individuele toekennings kon op ŉ puntebasis gemaak word. Die algehele wenners was Elize S in die eerste plek, met Barry en Zinda in die tweede en derde plekke. Die raakbalwenners was Conrad en Barry. Baie geluk aan hulle! Thea en Zinda is van harte bedank vir al die organisasiewerk.

Donderdag se rolbal kon plaasvind in pragtige weer. ŉ Gekombineerde Nylstroom/Kokanje-span het Centurion die stryd aangesê met 10 vierspanne elk, en twee sessies van 14 koppe. Daar was waarlik pragspel, en die uitslag was tot aan die einde op die spreekwoordelike mespunt. Uiteindelik verloor Centurion met 127 - 134, en die Bosveld Trio trofee vind sy eerste tuiste in Nylstroom. Maar daar is ŉ volgende jaar!

Middagspel was meer in pretformaat, en spelers is deeglik getoets in hul vermoë om gewig te beheer. Afsluitend was daar ŉ heerlike braai, aangebied met ware plattelandse gasvryheid. Mooi vriendskappe is gesmee, met o.a. die vooruitsig dat ŉ gekombineerde Nylstroom/Kokanje-span moontlik later vanjaar ook in Centurion kom speel. Die laaste aand was een van doen-wat-jy-wil, en baie het weer welkome lafenis in die warm swembad gevind.

Vrydagoggend se inpak is gevolg deur ŉ laaste heerlike ontbyt. Die terugtog was voorspoedig vir almal. Die inpaklysies vir volgende jaar word al reggesit!

## ‘N SPEL VAN VERMOËNS: NASIONALE KAMPIOENSKAPPE VIR ROLBALSPELERS MET GESTREMDHEDE (6 – 12 APRIL)



BSA se slagspreuk is “Sport for all ages”, maar dit kon netsowel “Sport for all abilities” gewees het, as ‘n mens na die Nasionale Kampioenskappe vir Rolbalspelers met Gestremdhede kyk wat vanaf 6 tot 12 April by Bedfordview se rolbalklub gehou is. By hierdie toernooi het spelers met fisieke en siggestremdheid teen mekaar meegeding.

Dit was my voorreg om hierdie jaar weer by die toernooi te kan speel teen spelers in rolstoele en met slegs een gesonde been. Dit was ook my voorreg om gestremde spelers te help klassifiseer sodat hulle in die korrekte kategorieë van gestremdheid ingedeel kan word om dan teen spelers met min of meer dieselfde vermoë mee te ding.



Die siggestremdes speel teen mekaar in vier verskillende kategorieë, van feitlik heeltemal blind tot spelers wat swak sig het maar nog onafhanklik kan beweeg. Hierdie spelers word almal bygestaan deur ‘n helper wat met klank die speler in die regte rigting stuur. ‘n Dun tou word gewoonlik in die middel van die baan gespan en die helper staan gewoonlik voor die speler op ‘n vaste afstand vanaf die speler en die lyn. Die speler word ingelig oor die afstand van die wit bal en hy of sy speel dan op die klank wat die helper maak af om die lyn te bepaal.

Die fisiek gestremdes word ook in vier kategorieë ingedeel, afhangende van die mate waartoe hy of sy balans en/of krag verloor het. In my kategorie, B6, het almal ‘n been bokant die knie verloor, of speel uit ‘n rolstoel of sukkel om oor die perk te stap. Ek moes in my enkels-wedstryde teen twee mense speel met af bene en een in ‘n rolstoel.



Die toernooi is bygewoon deur ongeveer 60 fisiek gestremdes en 50 siggestremdes met hulle helpers. Uit BGN was daar nege fisiek gestremdes en vyf siggestremdes. Hierdie BGN “span” (elkeen skryf as individu in) het altesaam 10 medaljes gewen.

Baie mense het my gevra hoe ek gevaar het. Al wat ek kan sê, is dat ek, na my beskeie mening en dié van my opponente, beter gespeel het as in die verlede. Ek het ook baie vriende bygekry en die spel terdeë geniet. Ek kan eerlik sê “I played to my ability”.

Bosman Olivier

## VANWAAR GEHASI?



**Suzette Strydom**

ŉ Bietjie oor myself:

Ek is gebore in Germiston as oudste van vier kinders, twee broers en ŉ laatlammetjie suster. Daarna was ek in Edenvale tot 8 jaar oud, en toe verhuis ons na Schweizer Reneke. Ek matrikuleer by Dr DF Malan Hoërskool in Meyerton, waar ek uiteindelik 43 jaar gewoon het.

Na matriek het ek in Volkskas bank gewerk vir vyf jaar, gevolg deur 18 jaar by die Departement van Arbeid. Twee jaar gelede het ek met vervroegde pensioen gegaan na 21 jaar se werk vir die Padongelukkefonds.

My stokperdjies is kuns, skilder, en gedigte skryf. Ek stap graag in die natuur, en is lief vir die Wes Kaap se see. Ek woon nou drie jaar in Centurion, en in die tyd is my ma oorlede. Twee jaar gelede het ek by Centurion Rolbalklub aangesluit. Ek geniet die groepaktiwiteite, die mense se lekker saamkuier. Dit is 'n sport waarvoor 'n mens lief raak, dit leer jou om stres te beheer, veral op die baan.

My lewe in 'n neutedop:

- My diere is my kinders.
- Ek is liefdevol, betroubaar met goeie waardes. God is my anker, my rots en my toevlug. Hy hou my hart sag, en gee my nuwe hoop.
- Uit verhoudings het ek geleer: Leef, en beweeg aan. Jy is verantwoordelik vir jou eie geluk.
- Ek is ietwat van 'n introvert, tot jy my beter leer ken.

Ten slotte, ek is soos 'n blaar. Ek word soms rondgewaai, in sterk storms probeer ek vasstaan. Teleurstellings dryf my na nuwe uitdagings, ervarings het my geleer om die beste van enige situasie te maak.

**GEDENKPLAATJIES: LOUIE WEBER EN KAS LANDMAN**



Tydens oggendspel op 4 Maart is die gedenkplaatjies formeel opgehang vir Kas Landman en Louie Weber, met dankbare nagedagtenis aan twee spelers wat soveel vir die klub beteken het. Rentia Landman en Stephan Weber was teenwoordig. Stephan wou nie by die geleentheid praat nie, maar het versoek dat die volgende teks wel hierby geplaas word:

*24/10/2024*

*Ek het nooit gedink dat ek hier sou staan, om Louie se plaatjie finaal op te hang.*

*Dit was en is nog steeds 'n skok en hartseer dag.*

*Louie het 'n passie vir rolbal gehad. As sy nie sosiaal gespeel het nie, dan 'n wedstryd, of afrigting, of net oefen, solank sy net op die rolbalbane kon wees.*

*As sy tuisgekom het na 'n rolbaldag, het sy geblom. Vertel hoe lekker die rolbal was, die kuier saam met haar rolbalfamilie.*

*Louie het altyd die mooi in die lewe raakgesien, in haar medemens net die positiewe. Nooit 'n slegte woord.*

*Dankie dat julle vir Louie soveel liefde gegee het en dat sy deel van die rolbalfamilie kon wees.*

*Weet ek is opreg dankbaar.*

*Stephan*

## KOMPETISIES

### Klubkompetisies



Die enkelspelwedstryde vir beginners is gewen deur Elize Stoop (Dames) en Dou Kleefstra (Mans). Baie geluk!

Die ope enkelspelwedstryde (mans en dames) stuurop ’n spannende einde af. Die Gemengde Gekose Pare kompetisie is volgende aan die beurt, met groot dank aan ons wedstrydbestuurders Dorina en David.



### BGN-kompetisies, en ander …

Deelnemers aan die BGN Gemengde Pare wedstryde op 16 Maart was Gerrit en Tillie, Brian en Ria, Dou en Magdaleen, Jaco en Maria, Japie en Karien en David en Hermien. Stewige kompetisie, goeie rolbal!

Ons klub was op 26 April in kleurryke drag verteenwoordig by die Tzaneen Classic rolbaltoernooi deur Ronel, Dave, Magdaleen, Andrew, Emma, David, Ilona, Maria, Martelize en Wim. Centurion Rolbalklub begin voorwaar ’n mooi voetspoor laat in Limpopo provinsie.






Ettienne Naude het, netjies uitgevat in volle klubdrag, sosiale spel gaan speel in verre Nieu-Seeland. Internasionale blootstelling, dankie Ettienne!

## ROLBALONTWIKKELING

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds ’n groot sukses. Karien Roos en Eurika Lawrence, ons waardeer.

Zinda en Ernst Müller doen steeds moeite Maandagmiddae met die opstel van oefenbane. Baie dankie!

## LEDESAKE

### Verjaarsdae in Mei

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Tai Theron | 18 | Gert Goosen |
| 2 | Wim van der Waals | 18 | Kirsten McLeod |
| 3 | Armand Smit | 21 | Andries Steyn |
| 10 | Koos Slabber | 22 | Anton Deetlefs |
| 11 | Lynne Mostert | 24 | Barry Stoop |
| 15 | Jannie de Beer | 24 | Corey Marais |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16 | Karien Roos | 25 | Louis Botha |

**Verjaarsdae in Junie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Emma McCabe | 20 | Leon Smith |
| 2 | Bertie Loots | 21 | Jurg Odendaal |
| 3 | Dou Kleefstra | 27 | Suzette Strydom |
| 7 | Ria Coetsee | 27 | Hessie de Lang |
| 8 | Johan Ehlers | 28 | Veronica Bannenberg |
| 11 | Hadri Roux | 28 | Maria Steyn |
| 15 | Herklaas Meyer | 28 | Lesley McCabe |
| 19 | Nick Roelofse | | |

**Nuwe lede**

Ons klub het sedert die vorige Toucher die volgende gewaardeerde nuwe lede ryker geword: Dina Rau, Ronel van Oudtshoorn, Emily Lubbe, Loekie Gous, Johan Gerber en Hennie van Heerden. Baie welkom aan elkeen; mag julle verbintenis met die klub vir julle groot vreugde inhou.








*Dina Rau* *Ronel v Oudtshoorn* *Emily Lubbe* *Johan Gerber* *Hennie v Heerden* *Loekie Gous*

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier en Leon Smith.

**Lief en leed**

Die hartteëspoed van Herman du Plessis het almal groot laat skrik. 'n Baie lang operasie het goed afgeloop, en met groot dankbaarheid daaroor wens ons jou 'n mooi herstelpad toe, Herman - so goed om jou alreeds weer in en om die klubhuis te sien!

Adri Behr se rugoperasie het goed afgeloop, en sy het alreeds weer kom oë wys by die klub. So dankbaar!

Ons beterskapwense aan Yvonne Clausen en ander lede wat op een of ander manier uitdagings met die gesondheid ervaar.

**Speeltye (Winter)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 9:00 vir 9:30

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 9:00 vir 9:30

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BSA/BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

Status ouderdom, 1 Julie 2024

Ledegeld 75 jaar en ouer: R2290.00
Ledegeld jonger as 75 jaar: R2510.00
Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

Help asb met hierdie belangrike aksie om noodsaaklike fondse vir ons Klub te in!

**Boeke**

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**GREENS, FACILITIES AN D SERVICES**

Both greens and surrounds remain in good condition, thanks to the hard work of our greenkeeper Bosman Olivier, together with Dave van Oudtshoorn and other volunteers. Nico Rau keeps up his tireless work in maintaining the club facilities and remains the "doctor on call" for the on-going gate motor problems (poor him....). Dalina and Pieter Brits, with volunteers - thank you for all the hard work behind the counter. And thank you, Rina Meyer, for keeping the kitchen on steady course.

**KLEINJAN**

*Nou ja ma. Ek groet weer met liefde in my hart asook in my gemoed. Ek vertrou dat ma nog steeds die leisels styf vashou daar op die plaas. Dit het darem daar ook lekker gereënt en ek dink die mielies staan seker nou soos hare op 'n steekbaard.*

*Nou dat Susara ook klaar met skool is en ook haar eerste jaar goed afgeskop het by Tukkies, sien ek die toekoms vir haar in New Zealand ook blink roep. So van New Zealand gepraat. Die litte wie kinders in die buitenste lande het is baie hier by die klub ook. Maar ek het ma mos dienooreenkomstig ingelig by 'n vorige skrywe. Ek beklemtoon net weer. Die ingelse sê jy "re iterate" om dit mooi in iemand se kop in te sit. Ma se kop is darem nie so plat soos 'n fuelergage nie so ek hoef dit nie regtig vir ma te re iterate nie.*

*Die nuwe Oupa en Ouma spaar ook nou weer dat die dinges wit sit om weer vir hulle se kleinkind in die verte te gaan sien. Hulle sê jy moet gereeld gaan sodat die kleintjies nie die vreemde tale van die oorseë sooo goed praat dat hulle nie eens met hulle se oupa en ouma kan kommunikeer nie. Op hierdie stadium verstaan die kleintjie darem nog "sê vir ouma môre. Ouma se ou mooiste dingetjie. Ouma vreet jou sommer heel op" maar oor 'n jaar of twee dink hulle jy is 'n bietjie af as jy so praat.*

*Ek het mos op my fuisboek gelees dat 'n mens goeters kan opsit wat jy van ontslae wil raak. Ek wou nou vir ma iets hieroor vertel het, maar skielik is my kop fuisfoos.*

*Ek verstaan oom Dirkie se eggenote het hom laas week 'n R50 in die hand gestop en gesê hy en 'n pêl kan maar 'n doppie gaan drink. Hy het mos nie 'n wallet met geldjies in nie. Hulle drink nou al 'n week lank, want hulle het hulle visstokke saamgevat. Terrible Harley en Tamatie vat net so nou en dan vir hulle vars aas as hulle ook daar 'n "dop" gaan drink. Kos en water is nie 'n probleem nie want hulle lewe sommer uit die vangste uit en drink hulle dop met die local dam water.*

*Met die elektrieseteit wat weereens gereeld afwesig is, is die kla-gatte in ons wyk weer so aktief dat die persoon wat die skakelaars moet kontroleer ook meer af as aan is. Dit is 'n regte ouetehuis area hier by ons. Stil en rustig in die dag maar tussen drie en vier uur in die môre wanner hulle veronderstel is om te slaap, kom die boodskappe in hope deur. Dit is nou om ander wat in dieselfde buurt is, en reeds bewus is dat die krag afwesig is, net in te lig dat daar 'n probleem is. Dan word al wat in die Minusipaal is van wanbestuur beskuldig. Dit is mos ook 'n bekende vir ons. Die arme raatslit in ons buurt moet ook aanmekaar terugrapporteur wat die swiets on tiem se vordering is. Daar is maar min wat die raatslit bedank nadat sy vele wattsops gestuur het. Dit word mos aanvaar dit is maar haar job. Sy is al self 'n elektrieshin en 'n konstruksie werker van vormaat. Ma ek weet nou nie of jy vormaat met 'n ef of 'n vee skryf nie. Ma moet dit maar in die regte sinsnêde gebruik.*

*Van ons litte wat bietjie stadig van begrip is, is ook nie vêr agter nie, vernaam die wat kort-kort moet vra hoe laat is oggend spel en ook hoe laat is middag spel, alhoewel dit elke keer deur die wat kan onthou, herhaal moet word. Dit is ook groot op die ingangsdeur van die klub geplak. Selfs Duif van die volstruis wêreld, wie 'n redelike nuwe lit is weet dit is 8:30 vir 9:00 en 13:30 vir 14:00. Nou moet hulle nog laat weet of 8:30 in die oggend is of in die aand en omgekeerd. Laat ek liewer nie my gemoed verder uitstort nie want dit ontstig net ander. Selfs die honde blaf al vir my oor my gemoed. So terloops, Duif se eggenote, Skrapnell, het ook haar intrede met groot sukses gemaak en is ook nou 'n lit om meer rekeninge te hou.*

*Ma, in my volgende brief gaan ek vir ma alles probeer uitpluis wat die verskille is tussen 'n pensioenaris, 'n afgetredene, 'n oom wat tjoklits uitdeel onder die tannies of net 'n plein loafer is. Dit is dan volgens my navorsing om dit te probeer katigoerieer in watter kategorie wie val. Of wag ek verduidelik sommer nou. Ai togga. Daar is my ink nou klaar, so ek verduidelik maar volgende keer.*

*Ma moet my net laat onthou om daarop voort te brei, of is dit nou borduur of hekel, met my volgende skrywe.*

*Mooi bly, Kleinjan*

## EN TEN SLOTTE...........

**Dansende blare**

Dit reën in herfskleure
Wanneer winde begin waai
Roesgeel, bloedrooi blare
Wat dwarrel-warrel tuimelval na die grond

Kras-kras onder my voet
'n broos blaar
Die droë krakerige blaretapyt
Ratel in die wind se draai

Sonskyn wat deur die herfsblare filtreer
Wat die siklus van die lewe simboliseer
In die warrelwind van herinneringe
Plooi 'n sagter lyn om môre se wens



Suzette Strydom

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: [www.centurion.bowls.co.za](http://www.centurion.bowls.co.za)

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: [secretary@centurion-bowls.co.za](mailto:secretary@centurion-bowls.co.za)

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.